



DEUR ULTRA-HOËDRUK-BEWEIDING

kan die boer sy grondgesondheid verbeter, soos op mnr. Danie Slabbert se plaas Van Rooyenswoning by Reitz. FOTO: LLOYDPHILLIPS

Ál meer boere stap die herlewingslandboupad

Boere wat nugter oor die saak dink, besef herlewingslandbou is dié pad om te stap as hulle volhoubaar wil wees.

Suid-Afrika het die 12ste hoogste aanvaardingsyfer vir herlewingslandbou, ook beskou as bewaringslandbou, onder graan- en veeboere ter wêreld en is verreweg die hoogste in Afrika. Wat 'n goeie aanduiding is van die stand van herlewingslandbou in dié land.

“Ons het in 2021 'n opname gedoen om die aanvaarding van herlewingslandbou, veral onder graan- en veeboere in Suid-Afrika, te meet. Daar is gevind dat 25% van hulle dié praktyk toepas, wat meer as 1,6 miljoen ha verteenwoordig,” sê dr. Hendrik Smith, grondkundige van Asset Research en bewaringslandbou-organiseerder vir die mielietrust. Volgens hom styg dié syfer steeds. Agter hierdie neiging sit 'n groot behoefte om oplossings te vind vir van boere se probleme. Plaaslike studies wys dat tot 75% van die koolstof in akkerbougrond ver-

nietig is deur langer as 50 jaar se bewerkingspraktyke. Dit beteken dat die meeste graanboere op verarmde grond boer, wat produktiwiteit toenemend beperk. Om met enige boerdery vol te hou, gaan dit nodig wees om die grond te restoureer en te beskerm en herlewingslandbou is die regte pad om te stap.

“Boere wat die reis na herlewingslandbou aanpak, het bewus geraak van kwessies soos grond wat agteruit gaan, erosie, klimaatsverandering en dalende winsgewendheid. Hulle soek antwoorde.”

Vir dié boere is die konsep om die natuur se funksies en dienste te gebruik om vir hulle te werk, aantreklik. Dit is egter net suksesvol indien hy heeltemal 'n kopswaai maak oor hoe om te boer.

'n Herlewingslandbouboer moet die volgende vyf beginsels toepas:

- Minimale grondversteuring, oftewel geenbewerking.
- Heeltydse organiese grond-

bedekking om die grond te beskerm.

- Diversiteit in sy gewasverbouingstelsels deur rotasies en die plant van multispesie-gewasse.

- Heeltydse wortels in die grond. Wortels gee die meeste van die kos aan die grondlewe, dus sal die grond vinniger verbeter.

- Vee. Die integrasie van vee bring meer diversiteit, en hoë- en ultrahoëdrukbeveiding het 'n gunstige impak op die grond deur mis, urine, speeksel en hoefaksie.

“Hierdie vyf beginsels het 'n sinergistiese uitwerking op mekaar. As jy een swak toepas, het dit 'n impak op die hele stelsel. Pas jy al die beginsels goed toe, het dit 'n gunstige impak op die grond, die ekostelsel, die natuur, op volgehoue produksie, op veerkragtigheid, asook op die volhoubaarheid en winsgewendheid van 'n boerdery,” sê Smith.

Boere wat onkundig is óf nie al vyf hierdie beginsels toepas nie, is meer geneig om nie sukses te behaal nie en dit te laat vaar. Dié wat egter terugval na ou praktyke is volgens Smith in die minderheid.

Vir baie boere is die heersende hoë produksiekoste 'n groot dryfveer. Hulle soek oplossings en daar is min.

“Een van dié min oplossings is om jou grond se gesondheid te verbeter. Sodoende kan jy die vrugbaarheid van die grond gebruik om eksterne insette te vervang omdat daar meer voedingstowwe is en minder plaeg en siektes. Jy kan dus bespaar aan duur produksiemiddele soos kunsmis.”

DIÉ PROVINSIES LOOP VOOR

In Suid-Afrika is die grootste vlak van aanvaarding van herlewingslandbou in die Wes-Kaap. Daarna volg Mpumalanga, veral die Hoëveld, Noordwes, KwaZulu-Natal en dele van Limpopo en Gauteng. Die brakkolle is in die Vrystaat en Oos-Kaap.

“Die Vrystaat is 'n interessante geval. Die westelike deel het watertafel-sandgrond en die siening is dat dit nie geskik is vir geenbewerkingstelsels nie. Dit is dalk so, maar 'n mens moet aanhou probeer om jou stelsels aan te pas en te kyk hoe jy selfs in daardie toestande die vyf beginsels kan toepas.

“Die oostelike deel van die Vrystaat is meer geskik vir herlewingslandboupraktyke, maar dit is onseker hoekom daar 'n traagheid in aanvaarding is. Dit is dalk 'n tekort aan bewustheid, maar dit kan ook wees dat nood die boere daar nog ▶

◀ nie in daardie rigting gedruk het nie.” Smith sê daar is ook ’n groot toename in die aanvaarding van herlewingslandbou, onder kleiner en mediumgrootte boere wat nie oplossings kry vir hul probleme in die skaal- ekonomie nie.

“Die regte benadering is egter nodig met kleiner boere. Herlewingslandbou is nie ’n lineêre navorsingsontwikkelingsproses waar jy *top down* vir mense besluit nie.

“Dit is ’n boer-gedrewe proses. As jy nie daarby inpas en jou prosesbenadering reg ontwerp en toepas nie, gaan jy droogmaak, veral by kleiner boere wat ’n baie komplekse konteks het.”

Daar is ook geen dringende poging deur die staat om herlewingslandbou te bevorder nie. ’n Beleid is paar jaar gelede gekryf, maar is steeds nie afgehandel nie. Die belangrikste bron van inligting oor herlewingslandbou bly ander boere, veral pioniersherlewingsboere in Suid-Afrika. Smith sê sosiale media speel ook ’n groot rol om suksesverhale oor te dra.

Deel van hierdie bewusmakingsaksies is die herlewingslandboukonferensies wat jaarliks op Somerset-Wes, Reitz en Ottosdal aangebied word.

“Dit is belangrik vir die bewusmakingsproses. Jy wil die saadjies plant en jy doen dit deur goeie sprekers en ’n program wat mense inspireer met mooi stories deur prominente figure in die tegniese en boere-omgewing,” sê Smith. “’n Groter wordende persentasie boere wat nog nie bewaringslandbou toepas nie, gaan deesdae na hierdie konferensies toe.”

Vanjaar gaan boere op die Reitz- en Ottosdalkonferensie die geleentheid kry om kers op te steek by die internasionale boer mnr. Rick Clark, ’n vyfde-geslagboer by Warren in Indiana, Amerika. Op Somerset-Wes gaan mnr. Gawie Steyn, ’n boer van Kanoneiland, praat oor heelydse dekgewasse in ’n organiese rosyntjieboerdery, en mnr. John Slabber, ’n boer van Moorreesburg, oor die voor- en nadele van geenbewing met ’n skyfplanter deur ’n baie dik deklaag medics.

BOERE DRYF NAVORSING

Dit is nie net by bewusmaking waar boere die pas aangee nie. Hulle is ook aan die voerpunt van herlewingslandbounavorsing. “Boere sien die probleme eerste, verstaan die konteks en

weet hulle moet oplossings vind. Enige ingryping van buite moet inpas by hierdie konsep.

“Daarom pas die boere-innovasieprojek vir bewaringslandbou wat deur die mielietrust gefinansier word, hierdie konsep toe sodat dit maksimum impak op die verbetering en ontwikkeling van bewaringslandbou kan bewerkstellig. Dit is ’n deelnemende proses waar boere en navorsers op plase saam navorsing doen en bewusmakingaksies van daar af dryf.”

Té nat lande die afgelope paar seisoene het juis gewys hoe nodig dit is vir die herlewingslandbouboer om vernuwend en aanpasbaar te wees. Hy kan nie net ’n resep volg nie, hy moet heelyd kennis opbou en aanpasbaar wees ten opsigte van al die eksterne faktore wat ’n seisoen kan bring.

“Een vraag wat opgekom het in gebiede wat baie versuip het, is wat om te doen as jy nie kontantgewasse kan plant nie weens te veel reën. Dit was egter ’n geleentheid om dekgewasse te plant. Jy kon dit met ’n vliegtuig of hommeltuig saai as jy nie in die nat land kon kom nie. Só sou jy iets in die grond gehad het, wat jy ook later vir vee kon gebruik. Dan het jy ten minste inkomste gehad uit daardie stuk grond én jy het jou grond verbeter en beskerm.”

’n Boer moet dus reg wees om te plant volgens die waterbeskikbaarheid in sy grond en die reën wat val. Dié kennis bou hy op deur te beproef en foute te maak. Dit is ’n vaardigheid wat hy moet ontwikkel, maar die boer kan dit net self ontwikkel.

DIE PAD VORENTOE

Volgens Smith is die grootste les wat al in Suid-Afrika geleer

is oor herlewingslandbou dat daar nie ander alternatiewe is nie. “As ’n mens mooi nugter oor die saak dink en na die data kyk, is dit die pad om te stap.”

Smith sê boere wat dié reis wil aanpak, moet ’n paar dinge weet:

1. Samel kennis in en vat ten minste ’n jaar voordat jy begin.
2. Kry die grond reg en hef enige duidelike beperkinge op, soos verdigting en grondsuurheid.
3. Kry die grondoppervlakte gelyk.
4. Beplan die gewasverbouingstelsel en rotasies, asook die insluiting van dekgewasse en vee.
5. Kry ’n geskikte geenbewingplanter en -spuit.
6. Begin deur op ’n klein deel van die plaas te oefen en skaal dan uit na die res van jou plaas.
7. Pas al vyf beginsels van herlewingslandbou so goed moontlik toe.
8. Sluit aan by ’n bestaande studiegroep of stig een.
9. Hou nooit op leer nie.

Die grootste hekkie wat herlewingslandbou in hierdie stadium moet oorkom, is onkunde. Smith sê daar moet ook ’n groter poging wees deur instellings, veral dié wat met finansiering moet help, om aansporingsmeganismes te skep om boere te help om vinniger en makliker oor te skakel na herlewingslandboupraktieke. **LBW**

Asset Research, webblad:

www.assetresearch.org.za

Inligting oor *Landbouweekblad*

se herlewingslandbou dae,

e-pos: events@landbou.com

’n Kaartjie vir een van die drie herlewingslandboukonferensies sluit ook GRATIS toegang van 12 maande tot Landbou.com ter waarde van R1 800 in.